

MEDIA24 SE BELEID VIR VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Oorsig

Media24 erken dat volhoubare ontwikkeling 'n wêreldwye kwessie is wat tot geleenthede sowel as risiko's vir sakebedrywighede lei. As 'n toonaangewende media-groep het Media24 ten doel om homself te posisioneer om sodanige uitdagings die hoof te bied.

Namate Media24 sy sakebedrywighede uitbrei, beoog hy: om by te dra tot die gemeenskappe waarin hy bedrywig is, sy eie mense te ontwikkel, tot algemene ekonomiese vooruitgang by te dra en sy impak op die omgewing te beperk.

Volhoubare ontwikkeling beteken dat ons aan die behoeftes van vandag voldoen sonder om die behoeftes van môre te skaad. Media24 wil in wisselwerking wees met, en reageer op, die geleenthede en uitdagings van die *trippelkonteks* waarbinne ons sake doen en die *kapitale* wat ons aanwend en waarop ons 'n impak het, ten einde met verloop van tyd waarde te skep.

In die geïntegreerde jaarverslag gebruik ons die “Ses Kapitale”-model om aan belanghebbendes te verduidelik hoe Media24 met verloop van tyd waarde skep. Geïntegreerde verslagdoening volg 'n geïntegreerde denkwysie. Geïntegreerde denke is die hoeksteen van:

- Ons visie van Media24 om 'n integrale deel van die samelewing en 'n verantwoordelike korporatiewe burger te wees.
- 'n Inklusiewe benadering tot belanghebbendes.
- Volhoubare ontwikkeling.
- Geïntegreerde verslagdoening.

Met die formulering van die beleid is die gebiede waarop die groep 'n betekenisvolle bydrae tot volhoubare ontwikkeling kan maak in die markte waarin hy bedrywig is ontleed om die integrasie van hierdie aspekte by die daaglikse bedrywighede en die formulering van strategie te vergemaklik.

Proporsionaliteit

'n Een-pas-almal-benadering tot bestuurstoetsig is nie van pas vir die Media24-groep nie aangesien die verskillende besighede in die groep nie dieselfde mate van volwassenheid bereik het nie. Ons benadering neem dus die proporsionaliteit van die individuele besighede in ag, soos grootte en personeel, bronne en die kompleksiteit van bedrywighede.

Definisies

Die **trippelkonteks** is die gekombineerde konteks van ekonomie, samelewing en omgewing waarbinne 'n maatskappy sake doen.

GOEDGEKEUR deur Media24-direksies in November 2018

Die **kapitaal** of “**Ses Kapitale**” is die waardevoorraad waarop die maatskappy staatmaak vir sy sukses as insette tot sy sakemodel, en wat vermeerder, verminder of herskep word deur die maatskappy se sakebedrywighede en -uitsette. *Definisie van die Internasionale Raamwerk (2013), Internasionale Raad op Geïntegreerde Verslagdoening.*

Dit bestaan uit finansiële, vervaardigde, intellektuele, mense-, maatskaplike en verhoudings-, en natuurlike kapitaal. Elkeen word in die *Internasionale Raamwerk* beskryf.

Verantwoordelikheid

Die direksie besef dat Media24 se kerndoelwit, risiko's en geleenthede, strategie, sakemodel, prestasie en volhoubare ontwikkeling onlosmaaklike elemente is van die waardeskeppingsproses. Die finale verantwoordelikheid om te verseker dat volhoubare ontwikkeling geïntegreer word met die sakestrategie berus by die direksie. Die direksie verseker dat prosesse gereed is om enige negatiewe gevolge van die groep se bedrywighede en uitkomst te sien ten opsigte van die **trippelkonteks** waarbinne hy werksaam is en die **kapitale** wat hy aanwend en waarop hy 'n impak het, te evalueer en op verantwoordelike wyse daarop te reageer. As deel van sy prestasie-oorsigrol, moet die direksie bedag wees op die algemene lewensvatbaarheid van Media24 ten opsigte van sy afhanklikheid van en impak op die kapitale, sy kredietwaardigheid en likiditeit, en sy status as lopende onderneming.

Die direksie het toesig en verslagdoening oor volhoubare ontwikkeling en korporatiewe burgerskap gedelegeer aan Media24 se risikokomitee en Nasperk Beperk se maatskaplike en etiekkomitee, waar van toepassing.

Die direksie deleger die implementering van hierdie beleid aan bestuur.

Doelwitte

Media24 is 'n toonaangewende mediagroep in Afrika wat op die druk- en digitale media-, kommunikasie- en handelsbehoefte van gebruikers fokus. Deur sy verskillende bedrywighede wil die groep van nut wees vir die gemeenskappe wat hy bedien.

Media24 gebruik klante-insigte om produkte te ontwikkel en te lewer wat inlig, vermaak, opvoed en gehore met mekaar verbind.

Ekonomies

Wat ons doen:

- Ons doen sake op 'n billike en etiese manier en met integriteit. Ons kode vir sake-etiek en gedrag definieer ons kultuur.
- Ons skep ervarings. Waar ons klante ook al is, bedien ons hulle deur uitmuntende joernalistiek, en produkte en dienste wat relevant en nuttig is.
- Ons skep en verpak inhoud en ontwikkel gemeenskappe.
- Ons bou handelsname rondom gemeenskappe.
- Ons bedryf platforms wat mediaprodukte versprei, e-handel ondersteun en reklame verkoop.
- Ons doel is om wette en regulasies na te kom, insluitend die betaal van belastings en heffings wat aan regerings verskuldig is, en voldoen aan Suid-Afrikaanse wetgewing vir ekonomiese transformasie.
- Ons wil waarde vir belanghebbendes, insluitend aandeelhouers, skep.

Omgewing

Deur verbetering en volhoubare tegnologiese vernuwing streef die groep daarna om oplossings te skep wat sy impak op die omgewing tot die minimum te beperk.

Hoe ons dit doen:

- Ons doen gereelde risikobeoordelings wat die bedrywighede identifiseer waar ons direkte impak op die omgewing die belangrikste is.
- Ons probeer om gevorderde tegnologie in ons bedrywighede te benut om die impak op die omgewing te verminder. Die aard van die tegnologie verskil van een segment van die besigheid na die ander.
- Ons poog om gebruik te maak van drukkers wat die toonaangewendste tegnologie toepas om emissies en afval te beperk wat deur hul bedrywighede veroorsaak word, en op 'n verantwoordelike manier van afval ontslae raak.
- Ons moniteer die omgewingsvoldoeningstandaarde by ons fasiliteite en neem aan derdepartyhersienings deel om prestasie te verbeter.
- Ons meet en doen verslag oor ons koolstofvoetspoor om ons direkte impak op die omgewing te verstaan en bestuur.
- Ons reageer op situasies waar bedrywighede 'n negatiewe uitwerking op die omgewing gehad het.
- Ons gebruik omgewingsverantwoordelike en volhoubare hulpbronne om in ons bedryfsbehoefes te voorsien, en bewaar nie-hernubare natuurlike hulpbronne.

- Waar moontlik gebruik ons omgewingsverantwoordelike en volhoubare energiebronne, belê op 'n deurlopende grondslag in die verbetering van energiedoeltreffendheid in ons bedrywighede en ontwerp energiedoeltreffende fasiliteite.
- Ons doel is om ons verskaffers te beïnvloed om 'n soortgelyke benadering te volg wanneer hulle materiale en dienste aan ons verskaf.
- Ons verminder afval waar moontlik.

Maatskaplik

Media24 neem sy verantwoordelikheid teenoor die gemeenskappe waarin hy bedrywig is ernstig op. Ons bevorder die welstand van die samelewing, ons klante en ons werknemers deur by te dra tot programme en inisiatiewe wat die lewensgehalte in hierdie gemeenskappe verbeter. Ons respekteer menseregte.

Hoe ons dit doen: Gemeenskap

- Ons onderskryf die Grondwet van Suid-Afrika en, in ons mediabedrywighede, die Perskode.
- Ons ondersteun voorheen-benadeelde ondernemings deur aktief sodanige verskaffers te soek.
- Ons dra by tot die gemeenskappe waarin ons woon en werk. Ons ondersteun hulle deur gemeenskapsbetrokkenheid, en in sommige gemeenskappe waarin ons handel dryf, dra ons tot opvoedkundige programme by.
- Ons doen sake op 'n billike en etiese manier en met integriteit. Ons kode vir etiek en sakegedrag definieer ons kultuur.

Ons mense

- Ons belê in ons mense en rus hulle toe met die nodige gereedskap, tegnologie en opleiding om hul werk te doen, en verskaf geleenthede vir persoonlike groei en ontwikkeling. In Suid-Afrika werf ons waar moontlik werknemers van voorheen benadeelde gemeenskappe.
- Ons belê in die deurlopende ontwikkeling van ons mense.
- Ons beloon ons werknemers op 'n billike grondslag.
- Ons moedig ons werknemers aan om tot die volhoubaarheid- en vernuwingsinisiatiewe in die groep by te dra.
- Ons respekteer die regte en diversiteit van ons werknemers.

- Ons moedig werknemers aan om deur diskrete kanale areas aan te meld waar die groep moontlik in sy sakegedrag en waardes misluk.
- Ons probeer om plaaslike indiensnemingswette na te kom.

Gesondheid en veiligheid

- Ons doen gereelde risikoboordeelings oor gesondheid- en veiligheidskwessies by ons fasiliteite.
- Ons doelwit is om 'n beseringvrye werkplek te hê.
- Ons lei mense by ons hoërisikofasiliteite op ten opsigte van gesondheid- en veiligheidskwessies wat spesifiek op daardie fasiliteit of bedrywigheid betrekking het.
- Ons moniteer die bestuur se voorkomingsaksies deur gereelde bedryfs-, interne en eksterne ouditering- en verslagdoeningsprosesse.
- 'n Gesonde arbeidsmag dra tot sakesukses by. Verskeie van ons ondernemings verskaf mediesesorg- en welstandsprogramme vir hul personeel.
- Ons doelwit is om die betrokke wette na te kom.

Ons hersien gereeld ons vordering met die bereiking van 'n gebalanseerde, volhoubare organisasie en identifiseer areas wat verbeter kan word. Die groep erken dat dit 'n proses is wat deurlopende meting en verbetering vereis.

Monitering en verslagdoening

Media24 sal elke jaar 'n geïntegreerde verslag opstel wat inligting bevat wat aandui hoe die groep die maatskaplike, omgewings- en ekonomiese/finansiële aspekte van die trippelkonteks waarin hy in die oorsigjaar bedrywig was, geraak het. Inligting sal ook verskaf word oor hoe die groep beoog om die positiewe aspekte te verbeter en die negatiewe aspekte wat geïdentifiseer is te verminder. Spesifieke inligting sal openbaar gemaak word ten opsigte van korporatiewe burgerskap soos vereis deur King IV.

Die direksie is verantwoordelik vir die integriteit van geïntegreerde verslagdoening en verseker dat verslae wat deur Media24 uitgereik word, belanghebbendes in staat stel om 'n ingeligte oordeel te vorm oor Media24 se prestasie en sy vooruitsigte op kort, medium en lang termyn. Die ouditkomitee hou toesig oor volhoubaarheidskwessies in die geïntegreerde verslag en sal die direksie met die hersiening help deur te verseker dat die inligting betroubaar is en dat geen botsings of verskille ontstaan wanneer dit met die finansiële resultate vergelyk word nie.

Die groep sal 'n gekombineerde gerusstellingsmodel volg om die integriteit van geïntegreerde verslagdoening te ondersteun. Eksterne verslae verskaf inligting oor die gerusstellingsproses wat gevolg is en is bykomend tot die onafhanklike eksterne menings wat ingevolge wetlike vereistes verskaf word.

GOEDGEKEUR deur Media24-direksies in November 2018